STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 35 - 2018 • EDITION 35 - 2018

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Die eerste kwartaal is alweer verby, en wat 'n besige kwartaal was dit nie! Onlangs raas 'n inwoner met my en vertel dat ek in my briewe net praat van Stellenbosch en net soms van die ander dorpe. Wanneer ek egter van Stellenbosch praat, is dit 'n verwysing na die hele WC024, met ander woorde die hele munisipaliteit. Dis regtig kosbaar om soveel mooi gebiede en dorpe in een munisipaliteit te hê. Elkeen van die dorpe is uniek en elke inwoner is vir my spesiaal. Maar as u voel ek kom nie genoeg in u dorp nie, laat weet gerus – ek kuier graag en ontsnap so van die kantoor!

Feeste

Van die groot feesgeleenthede is nou reeds agter die rug. Ek hoop u het die feesvieringe terdeë geniet. Die Woordfees was 'n reuse sukses en terugvoer is dat dit die beste ooit was. Die atmosfeer was ekstra spesiaal met die universiteit se eeufeesvieringe wat deel uitgemaak het van hierdie jaar se Woordfees. Ek wil van die geleentheid gebruik maak om die Universiteit van Stellenbosch baie geluk te wens met sy eeufees. Die universiteit is 'n besondere en integrale deel van Stellenbosch se identiteit en het oor die afgelope 100 jaar bygedra tot ons dorp se sukses en identiteit. Baie dankie vir julle bydrae. Ek sien uit na al die samewerking wat nog vir ons voorlê om ons dorpe se suksesvolle toekoms te verseker.

Die UCI Wêreldbeker het ook op 10 Maart plaasgevind. Dit was werklik 'n ongelooflike ervaring en 'n wonderlike

Dear Residents,

The first term has come and gone, and what a busy term it was! Recently a resident confronted me and told me that in my letters I only speak of Stellenbosch and only sometimes mention the other towns. However, when I talk about Stellenbosch, I am referencing the entire WC024, in other words our entire municipal area. It really is so precious to have so many beautiful areas and towns in one municipality. Each town is unique and every resident is special to me. But if you feel that I do not come to your town enough, please let me know. I would love to visit and escape from the office!

Festivals

Some of the major festivals are now behind us. I hope you thoroughly enjoyed the festivities. The Woordfees was a tremendous success and the feedback indicates that it was the best one yet. The atmosphere was extra special with the university celebrating its centenary as part of this year's Woordfees. I want to use this opportunity to congratulate the University of Stellenbosch with its centenary. The university is a special and integral part of Stellenbosch's identity and over the past 100 years contributed to the success of our towns and its identities. Thank you for your contribution. I look forward to many more years of successful cooperation and fruitful relations between our towns and the university.

The UCI World Cup also took place on 10 March. It truly was a wonderful experience and a great success. The

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Publieke Deelname
Public Participation
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SSI
SAFETY INITIATIVE

sukses. Die internasionale en plaaslike deelnemers was vol lof vir die hele geleentheid en het die afskop van die Wêreldbeker as 'n hoogtepunt vir die jaar bestempel. Die toeskouers het ook op Coetzenburg toegesak en 'n wonderlike atmosfeer verleen aan 'n adrenalien-gevulde dag. Dankie vir almal wat die geleentheid ondersteun het. Die sukses is 'n pluimpie vir ons as munisipaliteit en vir u as inwoners! Graag sê ek dankie vir ons inwoners se geduld en gasvryheid aan die besoekers. Ek verstaan dat 'n mens soms voel ons wil ons dorp net vol vrede en stilte hê, maar net een geselsie met 'n besoeker en mens besef hoe spesiaal dit vir hulle is om in Stellenbosch te kan wees.

Publieke Deelname

Dit is weer die tyd van die jaar wanneer die munisipaliteit begin beplan vir die nuwe finansiële jaar. Ek het reeds die konsepbegroting aan die raad voorgelê. Nou is dit u geleentheid om insette te lewer tydens die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) proses. Hierdie reeks openbare vergaderings sal al die wyke betrek om seker te maak al ons inwoners kry die geleentheid om insette te lewer. Wees op die uitkyk vir waar en wanneer vergaderings in u area plaasvind. Ek wil inwoners aanmoedig om asseblief deel te neem. Dit gebeur dikwels dat inwoners na die tyd behoeftes aan my uitlig wanneer die begrotingsproses reeds gesluit is. Ons word egter wetlik verplig om baie streng volgens ons begroting te werk. Indien 'n behoefte nie op die GOP en dus op die begroting verskyn nie, mag ons dit nie implementeer nie. Daarom is alle inwoners se deelname aan die GOP-proses so uiters belangrik. Dit is u geleentheid om u behoeftes vir ons dorpe met die munisipaliteit te deel en dit so op die begroting te kry.

Opgradering van Hospitaal

Een van die dienste wat nie by die munisipaliteit ressorteer nie, maar by die Provinsiale Regering, is gesondheid. Dit was daarom vir my 'n spesiale voorreg om saam met Minister Nomafrench Mbombo (Provinsiale Minister van Gesondheid) die opening van die nuwe opgraderings van die Stellenbosch Hospitaal by te woon. Die Provinsiale Departement van Gesondheid het groot opgraderings van R37.8 miljoen gedoen aan die nooddienste en buitepasiënte afdelings van die hospitaal. Dit is twee areas wat veral by staatshospitale onder baie druk verkeer en sal verligting bring vir ons baie groot gemeenskap wat afhanklik is van hierdie hospitaal vir gesondheidsorg. Die nuwe opgraderings maak voorsiening vir 'n toegewyde noodgevalle area, 'n kliniese forensiese medisyne afdeling, nuwe wagareas vir pasiënte en twee toegewyde kamers vir verkragtingslagoffers of slagoffers van mishandeling. Die twee kamers is veral belangrik omdat dit hierdie slagoffers privaatheid gee tydens behandeling. Die opgraderings is regtig wonderlik en ek weet ons inwoners gaan beslis baatvind by die nuwe fasiliteit.

Hou aan Water Spaar

Water bly 'n krities belangrike item vir elke dag. Die meeste van ons inwoners werk wonderlik saam om water te spaar, maar die waterkrisis bly egter met ons en die vlak 6 B waterbeperkings sal van krag bly vir die voorsienbare toekoms. Ek doen 'n ernstige beroep op al ons inwoners om aan te hou spaar en nie vir 'n oomblik te laat slap lê nie. Die gebiede waar ons nog meer moet spaar is Klapmuts, Dwarsriviervallei en Kayamandi. Ons

international and local participants were full of praise for the entire event and the start of the World Cup was described as a highlight for the year. Spectators gathered at Coetzenburg and contributed to a wonderful atmosphere at this adrenalin-filled day. Thank you to everyone who supported the event. The success of the event is a feather in the cap of the municipality and to you as residents! I want to thank all our residents for their patience and hospitality towards our visitors. I understand that sometimes we would just like our town full of peace and quiet, but one quick chat with a visitor and we realise how special it is for them to be in Stellenbosch.

Public Participation

It is that time of the year again where the municipality starts planning for the new financial year. I already presented the draft budget to the council. It is now your opportunity to give input during the Integrated Development Plan (IDP) process. This series of public meetings will include all the wards to ensure all our residents get an opportunity to give feedback. Be on the lookout for when and where the meetings in your area will take place. This information has already been uploaded to our website. I want to encourage residents to please participate. It often happens that residents point out needs to me after the budget process has already closed. We are however legally obligated to work strictly according to our budget. If a need does not appear on the IDP, it will not be in the budget and we cannot implement it. That is why your participation in the IDP-process is critically important. It is your opportunity to share the needs of our towns with the municipality and in that way, get it onto the budget.

Hospital Upgrade

One of the services that reside with the Provincial Government and not with the municipality, is health services. That is why it was a special privilege for me to attend the opening of the new upgrades to the Stellenbosch Hospital with Minister Nomafrench Mbombo (Provincial Minister of Health). The Provincial Department of Health implemented upgrades to the emergency services and outpatient departments of the hospital to the value of R37.8 million. This is the two areas that are especially under pressure in public hospitals and the upgrades will bring relief to our very large community that depends on this hospital for health care. The new upgrades make provision for a dedicated emergency services area, a clinical forensic medicine area, new waiting areas for patients and two dedicated rooms for rape victims or victims of abuse. These rooms are especially important because it gives victims the much needed privacy during treatment. The upgrades are truly wonderful and I know our residents will benefit from the new facility.

Continue to Save Water

Water remains a critical resource for every day. The majority of our residents give their full cooperation when it comes to saving water, but the water crisis remains with us and level 6B restrictions will remain in place for the foreseeable future. I want to urge all residents to continue saving water and not to let up for a second. The areas where we need to save more water are Klapmuts, Dwars River Valley and Kayamandi. As part of a

het dan ook as Burgemeestersinisiatief spesiale pamflette daar uitgedeel en emmers geskenk aan die mees behoeftige gesinne. Ons hoop dit maak mense meer bewus van die noodsaaklikheid om te spaar. Dit gaan 'n enorme hoeveelheid reën verg voor die waterkrisis verby is en al vermy ons die gevreesde Dag Zero in 2018, is dit die realiteit wat nog steeds met ons kan wees in 2019 as ons nie genoeg reën die winter kry nie. Ons sal u op hoogte hou van die watersituasie.

Die munisipaliteit se droogteplan vorder baie goed. Ons het onlangs die eerste mobiele watersuiweringstasies geïnstalleer en geaktiveer by die Van Der Stel Sportgronde. Hierdie stasies word gehuisves in vervoerbare skeepsvraghouers en word gebruik om die water wat vanuit boorgate voorsien word, op die plek te suiwer en op wetlike standaarde te bring. Die stasies kan geskuif word na ander boorgate indien dit nodig sal word. Daar gaan nog van hierdie stasies by ander boorgate binne die munisipaliteit geïnstalleer word. Wanneer die droogte verby is, sal van die stasies geskuif word en gebruik word om op langer termyn ons eie water te voorsien. Die stasies gaan deel word van die munisipaliteit se volhoubare en permanente waterplan.

2019 Verkiesing

Ons herdenk weer die eerste demokratiese verkiesing op 27 April. Vanjaar is ons demokrasie al 24 jaar oud en in 2019 is dit weer Nasionale en Provinsiale verkiesings. Die eerste registrasienaweek is reeds agter die rug. Ek wil u graag daaraan herinner dat u steeds enige tyd na die OVK (Onafhanklike Verkiesingskommissie) kan gaan en u inligting opdateer vir die verkiesings in 2019. Besoek gerus die OVK se webblad vir meer inligting. Maak seker u is korrek geregistreer anders sal u nie kan stem nie. Dit gaan hier nie oor politiek nie, maar oor u kosbare demokratiese reg om te kan stem vir wie u ook al wil.

Besoeke aan Wyke

Ek is steeds besig met my ter plaatse besoeke regoor die munisipaliteit in al die wyke om myself te vergewis van dienslewering en uitdagings wat aandag geniet. Indien u my sien in u wyk kom sê gerus hallo. Die besoeke is van onskatbare waarde en baie spesiaal vir my en dit gee my ook die geleentheid om met ons inwoners kontak te maak op grondvlak. Dit is vir my uiters belangrik om deurlopend die vordering na te gaan wat ons maak in ons gemeenskappe ten opsigte van dienslewering en ontwikkeling. Ek is so opgewonde oor die wonderlike projekte in ons agtergeblewe gemeenskappe.

Blikkie Projek

Die Stellenbosch Blikkie Projek strek nog tot aan die einde van Mei. Ek wil u graag mooi vra om asseblief moeite te doen om blikkieskos te skenk by die Eikestad Inkopiesentrum. U sal die donasiebokse sien in die sentrum. Hierdie blikkies maak regtig 'n verskil in die lewens van honger mense. Al die blikkies word geskenk vir die Stellenbosch Voedingsaksie wat dit gebruik om honderde behoeftige mense van 'n maaltyd te voorsien. Dit is regtig 'n maklike manier om 'n groot verskil te maak. Elke blikkie maak 'n verskil. Baie van ons is so bevoorreg dat ons nooit honger ken nie- help asseblief!

Paasfees en Pesach

Die begin van die nuwe kwartaal is vol vakansiedae en verskeie langnaweke, veral vir ons leerders. Ek hoop die Paasfeestyd was, vir almal wat dit vier, 'n uiters geseënde tyd. Paasfees is en bly 'n

mayoral initiative, we handed out special pamphlets and buckets in these areas to families in need. We hope it creates awareness of the necessity to save amongst residents. It will take an enormous amount of rain for the water crisis to end and even if we miss the dreaded Day Zero in 2018, it is a reality that could still be with us in 2019 if we do not get enough rain during this winter. We will continue to keep you informed of the water situation.

The municipality's drought plan is progressing well. We recently installed and activated the first mobile water purification plant at Van Der Stel Sport grounds. This plant is housed in a moveable shipping container and is used to purify water at the source where it is pumped from the borehole. The water is purified and cleaned to the legally required standards. The plants can be moved to other boreholes as needed. More of these mobile plants will be installed at boreholes across the municipality. When the drought has passed, some of these stations will be moved and will be used on a longer term to provide water from our own sources. The plants will from part of the municipality's sustainable and permanent water plan.

2019 Elections

On 27 April we commemorate the first democratic election. This year our democracy is 24 years old and in 2019 it is again time for the National and Provincial elections. The first registration weekend has already passed. I want to remind you that you can go the your nearest IEC (Independent Electoral Commission) office at any time and update your information for the elections in 2019. Please visit the IEC website for more information. Please make sure that you are correctly registered, otherwise you will not be able to vote in 2019. This is not about politics, but about your precious democratic right to vote for whomever you chose.

Ward Visits

I am still busy with my random visits across the municipal area in all the wards to familiarise myself with service delivery and the challenges we are addressing. If you see me, please come and say hello. The visits are invaluable and very special for me because it gives me an opportunity to make contact with our residents at ground level. It is extremely important to me to continuously check on the progress that is being made in our communities in terms of service delivery and development. I am so excited about the projects, especially in our disadvantaged communities.

Can Project

The Stellenbosch Can Project is ongoing until the end of May. I want to ask you to please donate canned food at the Eikestad Mall. You will see the donation boxes in the mall. The cans of food make a difference in the lives of hungry people. All the cans collected are donated to Stellenbosch Feeding in Action, who use it to provide meals for hundreds of people in need. It really is an easy way to make a big difference. Every can makes a difference. Many of us are privileged enough to never know hunger, please help!

Easter and Pesach

The start of the new term is full of holidays and various long weekends, especially for our learners. I hope Easter was, for everyone who celebrates it, a very blessed time. Easter is and

groot hoogtepunt op die Christelike kalender. Vir ons Joodse inwoners wat gedurende die tyd Pesach vier, wens ek 'n tyd vol vrede en geluk toe. Met al die vakansiedae weet ek daar is baie inwoners wat die geleentheid gebruik om 'n bietjie weg te gaan en die batterye te herlaai. Wees asseblief versigtig op die paaie en kom veilig terug! Elkeen van u is kosbaar vir my. Gedurende al die langnaweke en die vakansie sal die verkeersdienste weereens op hul pos wees om te help dat almal veilig by hul bestemmings kom. Elke persoon wat bestuur, het egter 'n verantwoordelikheid om die padreëls na te kom en so veilig te bly.

Herfs

Die seisoene is ook besig om te wissel en al ons dorpe is reeds vol herfskleure. Die lanings op pad na Franschhoek en in die Dwarsriviervallei lyk soos tydskrif-fotos en die plattelandse gebiede se wingerde en vrugte is mooier as enige spesiale plek in Europa. Ek is 'n somerkind, maar vanjaar bly my oë stip gefokus op die horison vir elke moontlike teken van reën. Ek bid vir reën en belowe ek sal nie kla oor verspoelings nie. Geniet ons mooi en sagte herfsseisoen ten volle. Dis vir my baie erg om nie wintergroente te kan plant nie, maar ek voel steeds bevoorreg en nederig om burgemeester te kan wees van al die ongelooflike mooi dorpies - van Raithby tot Franschhoek.

Beste Wense en Groete

Burgemeester Gesie

will always be a highlight on the Christian calendar. For our Jewish residents who celebrated Pesach during this time, my wish is for time full of joy and peace. I know that with all the holidays there are residents who use this time to get away for a while and recharge their batteries. Please be careful on our roads and come back safely! Each and every one of you is special to me. Our traffic services will be on the job during the long weekends and the holiday to help everyone safely reach their destinations. Every person who gets behind the wheel of a car has a responsibility to obey the rules of the road and to stay safe.

Autumn

The seasons are starting to change and all our towns are filling up with autumn colours. The lanes on the way to Franschhoek and on the way to the Dwars River Valley, looks like a picture in a magazine and the rural areas with its vineyards and fruits are more lovely than any place in Europe. I am a child of the summer, but this year my eyes remain focused on the horizon for every possible sign of rain. I pray for rain and promise I will not complain about any flooding.

Enjoy our beautiful and soft autumn. I regret not being able to plant my winter vegetable garden, but I still feel humble and honoured to be the mayor of all our incredibly beautiful towns - from Raithby to Franschhoek.

Best Regards,
Mayor Gesie